

# KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS

Die 2020 algemene jaarvergadering van Remgro Beperk (die maatskappy) sal op Maandag, 30 November 2020, om 10:30 geheel en al deur middel van elektroniese kommunikasie en deelname, gehou word om te oorweeg en, indien goedgevind, die gewone en spesiale besluite soos hieronder uiteengesit, met of sonder wysiging aan te neem.

As gevolg van die voortdurende uitwerking van die Covid-19-pandemie en in besonder die pandemie se invloed op byeenkomste van mense, het die maatskappy besluit om die algemene jaarvergadering geheel en al deur middel van elektroniese kommunikasie en deelname ingevolge artikel 63(2)(a) van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig (Maatskappywet) en klousule 22 van die maatskappy se akte van oprigting (akte van oprigting) te hou, en dat geen fisiese vergadering gehou sal word nie. Hierdie kennisgewing sit die prosedure wat aandeelhouers moet volg ten einde aan die algemene jaarvergadering deel te neem deur middel van elektroniese kommunikasie uiteen.

Die elektroniese kommunikasie wat aangewend word, sal alle persone wat aan die vergadering deelneem in staat stel om terselfdertyd, sonder 'n tussenganger, met mekaar te kommunikeer en om redelik effektief aan die vergadering deel te neem.

## ELEKTRONIESE DEELNAME PROSES

Die maatskappy het Computershare Investor Services Eiendoms Beperk aangestel om die algemene jaarvergadering aan te bied op 'n interaktiewe platform en om die elektroniese deelname en stemming deur aandeelhouers te fasiliteer.

	GESERTIFISEERDE AANDEELHOUERS EN "EIE NAAM" GEDEMATERIALISEERDE AANDEELHOUERS	GEDEMATERIALISEERDE AANDEELHOUERS (UITGESLUIT "EIE NAAM" GEDEMATERIALISEERDE AANDEELHOUERS)
<p><b>Aandeelhouers wat wil stem, maar nie die algemene jaarvergadering deur elektroniese deelname wil bywoon nie</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voltooi die volmagvorm wat by hierdie kennisgewing van die algemene jaarvergadering aangeheg is en e-pos dit, tesame met bewys van identifikasie (i.e. gesertifiseerde afskrif van Suid-Afrikaanse (SA) identiteitsdokument, SA bestuurderslisensie of paspoort) en magtiging om dit te doen (waar opgetree word in 'n verteenwoordigende hoedanigheid), aan die oordragsekretaris, Computershare Investor Services Eiendoms Beperk (oordragsekretaris), by proxy@computershare.co.za om ontvang te word deur die oordragsekretaris teen nie later nie as 10:30 (Suid-Afrikaanse tyd) op Donderdag, 26 November 2020 vir administratiewe doeleindes, met dien verstande dat enige volmagvorm wat nie teen hierdie tyd deur die oordragsekretaris ontvang is nie, aan die oordragsekretaris ge-e-pos mag word (wie dit aan die voorsitter van die algemene jaarvergadering sal voorsien) enige tyd voor die algemene jaarvergadering, met dien verstande dat sodanige volmagvorm en identifikasie voor die aanvang van die algemene jaarvergadering geverifieer en geregistreer moet wees.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorsien u Sentralesekuriteitebewaarplek-deelnemer (CSDP) of makelaar van u stem-instruksie ingevolge die bewaringsooreenkoms aangegaan tussen u en u CSDP of makelaar.</li> <li>• U moet u CSDP of makelaar kontak aangaande die sperdatum vir die voorsiening van u steminstruksies aan hulle.</li> <li>• Indien u CSDP of makelaar nie steminstruksies van u ontvang nie, sal hulle verplig wees om ooreenkomstig die instruksies ingevolge die bewaringsooreenkoms te stem.</li> </ul>

## GESERTIFISEERDE AANDEELHOUSERS EN "EIE NAAM" GEDEMATERIALISEERDE AANDEELHOUSERS

## GEDEMATERIALISEERDE AANDEELHOUSERS (UITGESLUIT "EIE NAAM" GEDEMATERIALISEERDE AANDEELHOUSERS)

### Aandeelhouders wat wil stem en die algemene jaarvergadering deur elektroniese deelname wil bywoon

- Registreer aanlyn by [www.smartagm.co.za](http://www.smartagm.co.za) teen nie later nie as 10:30 (Suid-Afrikaanse tyd) op Donderdag, 26 November 2020. Aandeelhouders mag steeds na hierdie datum en tyd aanlyn registreer om elektronies deel te neem en/of te stem by die algemene jaarvergadering, met dien verstande dat, vir daardie aandeelhouders om elektronies deel te neem en/of te stem by die algemene jaarvergadering, moet hulle geverifieer en geregistreer wees voor die aanvang van die algemene jaarvergadering.
- As deel van die registrasieproses, sal u versoek word om bewys van identifikasie op te laai (i.e. gesertifiseerde afskrif van SA identiteitsdokument, SA bestuurderslisensie of paspoort) en magtiging om dit te doen (waar opgetree word in 'n verteenwoordigende hoedanigheid), sowel as om besonderhede te verskaf, soos u naam, van, e-posadres en kontaknommer.
- Na suksesvolle registrasie, sal die oordragsekretaris u voorsien van 'n vergadering ID nommer, gebruikersnaam en wagwoord ten einde elektronies te kan verbind aan die algemene jaarvergadering.
- Deelname aan die algemene jaarvergadering deur die Lumi-toepassing of webwerf deur die stappe uiteengesit by [www.smartagm.co.za](http://www.smartagm.co.za) te volg. Die Lumi-toepassing kan afgelaai word vanaf die Apple App Store of Google Play Store.

- Versoek u CSDP of makelaar om u of u gevolmagtigde te voorsien van die nodige magtiging (i.e. brief van verteenwoordiging) ingevolge die bewaringsooreenkoms aangegaan tussen u en u CSDP of makelaar.
- Registreer aanlyn by [www.smartagm.co.za](http://www.smartagm.co.za) teen nie later nie as 10:30 (Suid-Afrikaanse tyd) op Donderdag, 26 November 2020. Aandeelhouders mag steeds na hierdie datum en tyd aanlyn registreer om elektronies deel te neem en/of te stem by die algemene jaarvergadering, met dien verstande dat, vir daardie aandeelhouders om elektronies deel te neem en/of te stem by die algemene jaarvergadering, moet hulle geverifieer en geregistreer wees voor die aanvang van die algemene jaarvergadering.
- As deel van die registrasieproses, sal u versoek word om u brief van verteenwoordiging en bewys van identifikasie op te laai (i.e. gesertifiseerde afskrif van SA identiteitsdokument, SA bestuurderslisensie of paspoort), sowel as om besonderhede te verskaf, soos u naam, van, e-posadres en kontaknommer.
- Na suksesvolle registrasie, sal die oordragsekretaris u voorsien van 'n vergadering ID nommer, gebruikersnaam en wagwoord ten einde elektronies te kan verbind aan die algemene jaarvergadering.
- Deelname aan die algemene jaarvergadering deur die Lumi-toepassing of webwerf deur die stappe uiteengesit by [www.smartagm.co.za](http://www.smartagm.co.za) te volg. Die Lumi-toepassing kan afgelaai word vanaf die Apple App Store of Google Play Store.

1. Elke aandeelhouer is geregtig om een of meer gevolmagtigde(s) aan te stel (wie nie 'n aandeelhouer(s) van die maatskappy hoef te wees nie) om in hulle plek deel te neem, te praat en te stem by die algemene jaarvergadering.
2. Stemming sal elektronies plaasvind en gevolglik sal elke houder van gewone aandele een stem hê ten opsigte van elke gewone aandeel gehou en elke houder van B-gewone aandele 10 stemme hê vir elke B-gewone aandeel gehou.
3. Die koste (bv. vir mobiele dataverbruik of internetverbinding) van elektroniese deelname aan die algemene jaarvergadering is vir die deelnemer se eie rekening.
4. Die deelnemer erken dat die elektroniese kommunikasiedienste deur derde partye verskaf word en vrywaar die maatskappy en sy direkteure/werknemers/maatskappysekretaris/oordragsekretaris/diensverskaffers teen enige verlies, besering, skade, straf of eis wat op enige wyse voortspuit uit die gebruik of besit van die elektroniese dienste, hetsy die probleem veroorsaak is deur enige aksie of versuim van die deelnemer of enigiemand anders of nie. In besonder, maar nie uitsluitlik nie, erken die deelnemer dat hy/sy geen eis teen die maatskappy of sy direkteure/werknemers/maatskappysekretaris/oordragsekretaris/diensverskaffers sal hê nie, hetsy vir gevolgskaade of andersins, wat mag ontstaan uit die gebruik van die elektroniese dienste of enige defek daarin of uit die totale of gedeeltelike mislukking van die elektroniese dienste en verbinding wat die deelnemer via die elektroniese dienste aan die algemene jaarvergadering verbind.
5. **As gevolg van die elektroniese formaat van die vergadering, word aandeelhouders versoek om die vrae wat hulle by die algemene jaarvergadering wil vra voor die algemene jaarvergadering aan die maatskappysekretaris per e-pos te stuur by [ddreyer@remgro.com](mailto:ddreyer@remgro.com).**

## 1. GOEDKEURING VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE

### GEWONE BESLUIT NOMMER 1

**Besluit dat** die geouditeerde finansiële jaarstate van die maatskappy en sy groep (groep), insluitende die verslag van die raad van direkteure van die maatskappy (direksie), die verslag van die onafhanklike ouditeur en die verslag van die audit-risikokomitee vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2020 aanvaar en goedgekeur word.

### VERDERE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN GEWONE BESLUIT NOMMER 1

Ingevolge die bepalings van artikel 30(3)(d) van die Maatskappywet, moet die maatskappy se finansiële jaarstate en die groep se finansiële jaarstate by die algemene jaarvergadering aan aandeelhouders vir oorweging voorgelê word.

Die volledige geouditeerde finansiële jaarstate, insluitende die verslag van die direksie, die verslag van die onafhanklike ouditeur en die verslag van die oudit-en-risikokomitee, van die maatskappy en die groep, vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2020 is gepubliseer op die maatskappy se webwerf by [www.remgro.com](http://www.remgro.com). Die verslag van die direksie, die verslag van die onafhanklike ouditeur, die verslag van die oudit-en-risikokomitee en die verkorte finansiële jaarstate is ingesluit in die geïntegreerde jaarverslag, onderskeidelik op bladsy 119, 125, 116 en 126.



## 2. HERAANSTELLING VAN OUDITEUR

### GEWONE BESLUIT NOMMER 2

**Besluit dat** die heraanstelling van PricewaterhouseCoopers Geïnk., wat onafhanklik is van die maatskappy, as die maatskappy se ouditeur, soos deur die maatskappy se oudit-en-risikokomitee benoem, goedgekeur word en om kennis te neem dat mnr A Wentzel die individuele geregistreerde ouditeur is wat die oudit gedurende die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2021 sal onderneem.

### VERDERE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN GEWONE BESLUIT NOMMER 2

Ingevolge die bepalings van artikel 90(1) van die Maatskappywet moet 'n publieke maatskappy by elke algemene jaarvergadering 'n ouditeur aanstel om sodanige amp te beklee vanaf die einde van daardie vergadering tot die einde van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy.

## 3. VERKIESING VAN DIREKTEUR

### GEWONE BESLUIT NOMMER 3

**Besluit dat** me S E N De Bruyn wat kragtens klousule 27.4.3.1 van die akte van oprigting as direkteur aftree en wat verkiesbaar is en haarself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraan gestel word.

## 4. VERKIESING VAN DIREKTEUR

### GEWONE BESLUIT NOMMER 4

**Besluit dat** me M Lubbe wat kragtens klousule 27.4.3.1 van die akte van oprigting as direkteur aftree en wat verkiesbaar is en haarself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraan gestel word.

## 5. VERKIESING VAN DIREKTEUR

### GEWONE BESLUIT NOMMER 5

**Besluit dat** mnr M Morobe wat kragtens klousule 27.4.3.1 van die akte van oprigting as direkteur aftree en wat verkiesbaar is en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraan gestel word.

## 6. VERKIESING VAN DIREKTEUR

### GEWONE BESLUIT NOMMER 6

**Besluit dat** mnr J P Rupert wat kragtens klousule 27.4.3.1 van die akte van oprigting as direkteur aftree en wat verkiesbaar is en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraan gestel word.

## 7. VERKIESING VAN DIREKTEUR

### GEWONE BESLUIT NOMMER 7

**Besluit dat** mnr N J Williams wat kragtens klousule 27.4.3.1 van die akte van oprigting as direkteur aftree en wat verkiesbaar is en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraan gestel word.

### VERDERE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN GEWONE BESLUITE NOMMERS 3 TOT 7

Ingevolge die bepalings van klousule 27.4.3 van die akte van oprigting tree een-derde van die direkteure of, indien hulle getal nie drie of 'n veelvoud van drie is nie, die getal naaste aan 'n derde, maar nie minder nie as 'n derde, jaarliks by die algemene jaarvergadering af. Direkteure mag hulself herkiesbaar stel. Biografiese inligting van die direkteure van die maatskappy verskyn op bladsy 18 en 19 van die geïntegreerde jaarverslag. Die direksie ondersteun die heraanstelling van al die voorgenoemde direkteure.



## 8. VERKIESING VAN DIREKTEUR

### GEWONE BESLUIT NOMMER 8

**Besluit dat** die aanstelling van mnr P J Neethling as direkteur van die maatskappy kragtens klousule 27.3.7 van die akte van oprigting goedgekeur word.

## 9. VERKIESING VAN DIREKTEUR

### GEWONE BESLUIT NOMMER 9

**Besluit dat** die aanstelling van mnr G G Nieuwoudt as direkteur van die maatskappy kragtens klousule 27.3.7 van die akte van oprigting goedgekeur word.

## 10. VERKIESING VAN ALTERNATIEWE DIREKTEUR

### GEWONE BESLUIT NOMMER 10

**Besluit dat** die aanstelling van mnr K M S Rantloane as alternatiewe direkteur vir mnr P K Harris kragtens klousule 27.3.7 van die akte van oprigting goedgekeur word.

### VERDERE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN GEWONE BESLUITE NOMMERS 8 TOT 10

Ingevolge die bepalings van klousule 27.3.7 van die akte van oprigting mag die direksie enige persoon as direkteur of alternatiewe direkteur aanstel, op voorwaarde dat sodanige aanstelling deur die aandeelhouders by die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy bekragtig word. Biografiese inligting van mnrre P J Neethling, G G Nieuwoudt en K M S Rantloane verskyn op bladsy 19 van die geïntegreerde jaarverslag. Die direksie ondersteun die voorgenoemde aanstellings.

## 11. VERKIESING VAN LID VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE

### GEWONE BESLUIT NOMMER 11

**Besluit dat**, onderhewig aan die aanvaarding van Gewone Besluit Nummer 3, me S E N De Bruyn, wat verkiesbaar is en haarself herkiesbaar gestel het, as lid van die oudit-en-risikokomitee verkies word, tot die volgende algemene jaarvergadering.

## 12. VERKIESING VAN LID VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE

### GEWONE BESLUIT NOMMER 12

**Besluit dat** mnr N P Mageza, wat verkiesbaar is en homself herkiesbaar gestel het, as lid van die oudit-en-risikokomitee verkies word, tot die volgende algemene jaarvergadering.

## 13. VERKIESING VAN LID VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE

### GEWONE BESLUIT NOMMER 13

**Besluit dat** mnr P J Moleketi, wat verkiesbaar is en homself herkiesbaar gestel het, as lid van die oudit-en-risikokomitee verkies word, tot die volgende algemene jaarvergadering.

## 14. VERKIESING VAN LID VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE

### GEWONE BESLUIT NOMMER 14

**Besluit dat** mnr F Robertson, wat verkiesbaar is en homself herkiesbaar gestel het, as lid van die oudit-en-risikokomitee verkies word, tot die volgende algemene jaarvergadering.

### VERDERE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN GEWONE BESLUITE NOMMERS 11 TOT 14

Ingevolge die bepalings van artikel 94(2) van die Maatskappywet moet 'n publieke maatskappy by elke algemene jaarvergadering 'n ouditkomitee aanstel wat uit ten minste drie lede bestaan. 'n Kort *curriculum vitae* van elk van die onafhanklike nie-uitvoerende direkteure wat voorgestel word vir aanstelling tot die oudit-en-risikokomitee verskyn op bladsy 18 en 19 van die geïntegreerde jaarverslag. Soos blyk uit die *curricula vitae* van hierdie direkteure, het hulle almal akademiese kwalifikasies of ondervinding in een of meer van die volgende gebiede, naamlik ekonomie, regte, korporatiewe bestuur, finansies, rekeningkunde, handel, nywerheid, openbare betrekkinge of menslike hulpbronne.

## 15. ALGEMENE MAGTIGING OM 5% VAN DIE ONUITGEREIKTE GEWONE AANDELE ONDER DIE BEHEER VAN DIE DIREKTEURE TE PLAAS

### GEWONE BESLUIT NOMMER 15

**Besluit dat** die onuitgereikte gewone aandele in die gemagtigde aandeelkapitaal van die maatskappy hiermee onder die beheer van die direksie geplaas word, wie hiermee gemagtig word, as 'n algemene magtiging ingevolge die akte van oprigting, om enige sodanige aandele toe te ken en uit te reik onderhewig aan sodanige terme en voorwaardes as wat die direksie in hulle alleen diskresie mag goeddink, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet, die akte van oprigting en die noteringsvereistes van die beurs bedryf deur JSE Beperk (JSE) (noteringsvereistes), tot die mate van toepassing, met dien verstande dat, hierdie goedkeuring slegs geldig sal wees tot en met die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy en dat die totale aantal gewone aandele wat ingevolge Gewone Besluit Nummer 15 toegeken en uitgereik mag word beperk is tot 5% van die getal van die onuitgereikte gewone aandele in die gemagtigde aandeelkapitaal van die maatskappy soos op die datum van hierdie kennisgewing van algemene jaarvergadering (synde 23 539 150 gewone aandele).

### VERDERE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN GEWONE BESLUIT NOMMER 15

Klousule 6.7 van die akte van oprigting bepaal dat die direksie mag besluit om gemagtigde aandele uit te reik, maar slegs tot die mate dat sodanige uitreiking goedgekeur is deur die aandeelhouders in algemene vergadering, hetsy by wyse van 'n algemene of spesifieke magtiging. Die doel van Gewone Besluit Nummer 15 is om sodanige algemene magtiging te verleen, wat onderhewig sal bly aan die bepalings en al die beperkings vervat in die Maatskappywet, die akte van oprigting en die noteringsvereistes, tot die mate van toepassing. Die magtiging ingevolge Gewone Besluit Nummer 15 mag nie gebruik word om aandele vir kontant uit te reik soos beoog in die noteringsvereistes nie.

## 16. NIE-BINDENDE ADVISERENDE STEM OOR DIE VERGOEDINGSBELEID

### GEWONE BESLUIT NOMMER 16

**Besluit dat** die maatskappy se vergoedingsbeleid, soos uiteengesit in die vergoedingsverslag vanaf bladsy 84 van die geïntegreerde jaarverslag, by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem onderskrif word.

## 17. NIE-BINDENDE ADVISERENDE STEM OOR DIE VERGOEDINGSIMPLEMENTERINGSVERSLAG

### GEWONE BESLUIT NOMMER 17

**Besluit dat** die maatskappy se implementeringsverslag rakende sy vergoedingsbeleid, soos uiteengesit in die vergoedingsverslag vanaf bladsy 84 van die geïntegreerde jaarverslag, by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem onderskrif word.

### VERDERE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN GEWONE BESLUITE NOMMERS 16 EN 17

Ingevolge die noteringsvereistes moet die maatskappy se vergoedingsbeleid en implementeringsverslag rakende sy vergoedingsbeleid elke jaar by die algemene jaarvergadering aan aandeelhouders voorgelê word vir 'n aparte nie-bindende adviserende stem. Indien 25% of meer van die stemregte uitgebring ten opsigte van enige van Gewone Besluite Nommers 16 of 17 teen die betrokke besluit uitgebring word, sal die maatskappy skakel met die teenstemmende aandeelhouders op die wyse soos uiteengesit in die vergoedingsverslag vanaf bladsy 84 van die geïntegreerde jaarverslag.

## 18. GOEDKEURING VAN DIREKTEURE SE VERGOEDING

### SPESIALE BESLUIT NOMMER 1

**Besluit dat** direkteursvergoeding vir dienste gelewer (uitgesluit BTW) as direkteure vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2021 as volg vasgestel word:

Tipe fooi (Rand)	Voorgestelde fooi vir die jaar eindigende 30 Junie 2021	Fooi vir die jaar geëindig 30 Junie 2020
Direksielid	390 000	390 000
Voorsitter van die oudit-en-risikokomitee	297 000	297 000
Lid van die oudit-en-risikokomitee	147 500	147 500
Lid van die vergoedings-en-nominasiekomitee	65 500	65 500
Voorsitter van die maatskaplike-en-etiesekomitee	120 000	120 000
Lid van die maatskaplike-en-etiesekomitee	65 500	65 500
Vergaderingsfooi vir <i>ad hoc</i> -komitees	25 000	25 000

### VERDERE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN SPESIALE BESLUIT NOMMER 1

Die rede vir en die effek van Spesiale Besluit Nummer 1 is om die vergoeding betaalbaar deur die maatskappy aan sy direkteure vir hulle dienste as direkteure van die maatskappy ingevolge artikel 66(9) van die Maatskappywet vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2021 goed te keur.

## 19. ALGEMENE MAGTIGING VIR DIE TERUGKOOP VAN AANDELE

### SPESIALE BESLUIT NOMMER 2

**Besluit dat** die direksie hiermee gemagtig word, by wyse van 'n hernubare algemene magtiging ingevolge die bepaling van die noteringsvereistes en soos toegelaat ingevolge die akte van oprigting, om die koop van sy eie gewone aandele deur die maatskappy, of om die koop van gewone aandele in die maatskappy deur enige filiaal van die maatskappy, ingevolge artikel 48 van die Maatskappywet, goed te keur op die terme en voorwaardes soos die direksie van tyd tot tyd mag bepaal, met dien verstande dat:

- hierdie algemene magtiging geldig sal wees tot en met die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy of vir 15 maande vanaf die datum van aanname van hierdie besluit, welke tydperk ook al die kortste is;
- die gewone aandele deur die bestelboek van die JSE verhandelingsstelsel gekoop word sonder enige voorafgaande verstandhouding of ooreenkoms tussen die maatskappy en/of die betrokke filiaal en die teenparty (gerapporteerde verhandelinge word verbied);
- die maatskappy ooreenkomstig paragraaf 11.27 van die noteringsvereistes 'n aankondiging publiseer (i) wanneer die maatskappy en/of sy filiale kumulatief 3% van die uitgereikte gewone aandele soos op die datum wat die algemene magtiging verleen is (die aanvanklike getal) teruggekoop het, en (ii) vir elke 3% in totaal van die aanvanklike getal gewone aandele wat daarna deur die maatskappy en/of sy filiale teruggekoop word;
- die terugkoop deur die maatskappy van sy eie gewone aandele in enige enkele finansiële jaar in totaal nie 10% van die maatskappy se uitgereikte gewone aandeelkapitaal soos aan die begin van die finansiële jaar mag oorskry nie, met dien verstande dat die verkryging van gewone aandele deur 'n filiaal van die maatskappy as tesourie-aandele nie uitgevoer sal word

nie indien in totaal meer as 10% van die totale getal uitgereikte gewone aandele van die maatskappy op die betrokke tydstip reeds gesamentlik deur of tot voordeel van die filiale van die maatskappy gehou word;

- terugkope nie gedoen mag word teen 'n prys wat meer as 10% bo die geweege gemiddelde markwaarde van die gewone aandele vir die vyf besigheidsdae onmiddellik voor die datum waarop die transaksie uitgevoer word, is nie;
- die maatskappy te eniger tyd net een verteenwoordiger mag aanwys om namens die maatskappy, of namens enige filiaal van die maatskappy, die terugkoop uit te voer;
- die maatskappy en die groep nie gedurende 'n verbode tydperk (soos omskryf in die noteringsvereistes) gewone aandele sal terugkoop nie, tensy hulle 'n terugkoopprogram in plek het ingevolge waarvan die datums en aantal aandele waarmee gehandel word tydens die betrokke tydperk vas is (nie onderhewig is aan enige verandering nie) en volle besonderhede van die program aan die JSE openbaar gemaak is voor die aanvang van die verbode tydperk;
- voor die terugkoop, die direksie 'n besluit aangeneem het waarin hul bevestig dat die direksie die terugkoop gemagtig het, dat die maatskappy en sy filiale voldoen aan die solvensie-en-likiditeitstoets soos beoog in die Maatskappywet, en dat sedert die toets toegepas is daar geen wesentlike verandering in die finansiële toestand van die groep was nie; en
- sodanige terugkope onderhewig sal wees aan die toepaslike bepalings van die Maatskappywet, die akte van oprigting, die noteringsvereistes en die Valutabeheerregulasies, 1961.

Dit is die voorneme van die direksie om hierdie algemene magtiging te gebruik indien heersende omstandighede (insluitende die belastingbedeling en marktoestande) dit na hulle mening regverdig.

Die direkteure van die maatskappy onderneem dat hulle nie enige sodanige terugkope sal implementeer terwyl hierdie algemene magtiging geldig is nie, tensy –

- die maatskappy en die groep in staat sal wees om, in die gewone loop van besigheid, hul skulde vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die algemene terugkoop te betaal;
- die bates van die maatskappy en die groep hul laste vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die algemene terugkoop sal oorskry. Vir hierdie doel sal die laste erken en waardeer word in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die voorbereiding van die maatskappy se mees onlangse geouditeerde groep finansiële jaarstate;
- die maatskappy en die groep voldoende aandelekapitaal en reserwes vir gewone besigheidsdoeleindes sal hê vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die algemene terugkoop; en
- die bedryfskapitaal van die maatskappy en die groep voldoende sal wees vir gewone besigheidsdoeleindes vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die algemene terugkoop.

## VERDERE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN SPESIALE BESLUIT NOMMER 2

Die rede vir en die effek van Spesiale Besluit Nommer 2 is om aan die direksie 'n algemene magtiging te verleen om die terugkoop van sy eie gewone aandele goed te keur en om 'n filiaal van die maatskappy toe te laat om gewone aandele in die maatskappy te koop.

Vir doeleindes van die oorweging van Spesiale Besluit Nommer 2, en ter voldoening aan paragraaf 11.26 van die noteringsvereistes, is die inligting hieronder ingesluit in die geïntegreerde jaarverslag, waarin hierdie kennisgewing van die algemene jaarvergadering vervat is, op die plekke soos aangedui:

- Wesentlike aandeelhouers (bladsy 144);
- Aandelekapitaal van die maatskappy (bladsy 55 van die finansiële jaarstate en 144 van die geïntegreerde jaarverslag).

Die direkteure wie se name vermeld word op bladsy 18 en 19 van die geïntegreerde jaarverslag aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die korrektheid van die inligting vervat in hierdie Spesiale Besluit Nommer 2 en sertifiseer dat, na die beste van hulle kennis en wete, daar geen ander feite nagelaat is wat enige verklaring vals of misleidend mag maak nie, en dat hulle alle redelike navrae in hierdie verband gedoen het en dat hierdie besluit alle inligting wat regtens en deur die noteringsvereistes vereis word, vervat.

Daar was geen wesentlike verandering in die finansiële of handelsposisie van die maatskappy en die groep wat plaasgevind het sedert die einde van die laaste finansiële tydperk waarvoor daar óf geouditeerde finansiële jaarstate óf ongeouditeerde tussenverslae gepubliseer is nie.

## 20. ALGEMENE MAGTIGING VIR VERLENING VAN FINANSIËLE BYSTAND VIR DIE INSKRYWING EN/OF AANKOOP VAN SEKURITEITE IN DIE MAATSKAPPY OF IN VERWANTE OF ONDERLING VERWANTE MAATSKAPPY

### SPESIALE BESLUIT NOMMER 3

**Besluit dat** die direksie hiermee gemagtig word ingevolge artikel 44(3)(a)(ii) van die Maatskappywet, as 'n algemene magtiging (welke magtiging in plek sal wees vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van aanname van hierdie Spesiale Besluit Nommer 3), om die maatskappy te magtig om finansiële bystand te verleen deur 'n lening, waarborg, die verskaffing van sekuriteit of andersins aan enige verwante en/of onderling verwante maatskappy van die maatskappy ("verwante" en "onderling verwante" het hierin die betekenis daaraan toegeskryf in artikel 2 van die Maatskappywet) en/of aan enige finansierder van die maatskappy of enige van sy verwante of onderling verwante maatskappye vir die doeleindes van, of in verband met, die inskrywing vir enige opsie, of enige sekuriteite, wat deur die maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy van die maatskappy uitgereik is of gaan word, of vir die aankoop van enige sekuriteite van die maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy van die maatskappy, op die terme en voorwaardes en vir die bedrae soos wat die direksie mag bepaal.

Die direksie onderneem dat hy nie 'n besluit sal aanneem om sodanige finansiële bystand te verleen nie, tensy die direksie tevrede is dat –

- onmiddellik na die verlening van die finansiële bystand, die maatskappy sal voldoen aan die solvensie-en-likiditeitstoets soos beoog in die Maatskappywet; en
- die voorgestelde terme waarvolgens die finansiële bystand verleen sal word billik en redelik teenoor die maatskappy is.

Die hoofdoel van hierdie magtiging is om aan die direksie die magtiging te verleen om die maatskappy te magtig om finansiële bystand te verleen aan die finansierders van die groep vir die doeleindes van die inskrywing en/of aankoop van sekuriteite in filiale van die maatskappy, ten einde die aktiwiteite van die groep te finansier.

### VERDERE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN SPESIALE BESLUIT NOMMER 3

Die rede vir en die effek van Spesiale Besluit Nommer 3 is om aan die direksie 'n algemene magtiging te verleen vir die maatskappy om finansiële bystand te verleen aan sy verwante en onderling verwante maatskappye en/of finansierders van die groep vir die doeleindes van die inskrywing vir opsies en/of sekuriteite wat deur die maatskappy of sy verwante of onderling verwante maatskappye uitgereik is of gaan word, of vir die aankoop van enige sekuriteite van die maatskappy of sy verwante of onderling verwante maatskappye, ten einde die aktiwiteite van die groep te finansier.

## 21. ALGEMENE MAGTIGING VIR VERLENING VAN FINANSIËLE BYSTAND AAN VERWANTE EN ONDERLING VERWANTE MAATSKAPPYE EN KORPORASIES

### SPESIALE BESLUIT NOMMER 4

**Besluit dat** die direksie hiermee gemagtig word ingevolge artikel 45(3)(a)(ii) van die Maatskappywet, as 'n algemene magtiging (welke magtiging in plek sal wees vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van aanname van hierdie Spesiale Besluit Nommer 4), om die maatskappy te magtig om enige direkte of indirekte finansiële bystand ("finansiële bystand" het hierin die betekenis daaraan toegeskryf in artikel 45(1) van die Maatskappywet) te verleen as wat die direksie mag goeddink aan enige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie van die maatskappy ("verwante" en "onderling verwante" het hierin die betekenis daaraan toegeskryf in artikel 2 van die Maatskappywet), op die terme en voorwaardes en vir die bedrae soos wat die direksie mag bepaal.

Die hoofdoel van hierdie magtiging is om aan die direksie die magtiging te verleen om die maatskappy te magtig om intergroepleninge en ander finansiële bystand te verleen ten einde die aktiwiteite van die groep te finansier. Die direksie onderneem dat –

- hy nie 'n besluit sal aanneem om sodanige finansiële bystand te verleen nie, tensy die direksie tevrede is dat –
  - onmiddellik na die verlening van die finansiële bystand, die maatskappy sal voldoen aan die solvensie-en-likiditeitstoets soos beoog in die Maatskappywet; en
  - die voorgestelde terme waarvolgens die finansiële bystand verleen sal word billik en redelik teenoor die maatskappy is; en
- geskrewe kennisgewing van enige sodanige besluit deur die direksie aan alle aandeelhouers van die maatskappy en enige vakbond wat die maatskappy se werknemers verteenwoordig gegee sal word –
  - binne 10 besigheidsdae na die direksie die besluit aangeneem het, indien die totale waarde van die finansiële bystand beoog in daardie besluit, tesame met enige vorige sodanige besluit gedurende die finansiële jaar, 0.1% van die maatskappy se netto waarde oorskry; of
  - binne 30 besigheidsdae na die einde van die finansiële jaar, in enige ander geval.

### VERDERE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN SPESIALE BESLUIT NOMMER 4

Die rede vir en die effek van Spesiale Besluit Nommer 4 is om aan die direksie 'n algemene magtiging te verleen vir die maatskappy om direkte of indirekte finansiële bystand te verleen aan enige maatskappy of korporasie wat deel vorm van die groep, insluitende in die vorm van lenings of die waarborg van hulle skulde.

## KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS VAN DIE MAATSKAPPY INGEVOLGE ARTIKEL 45(5) VAN DIE MAATSKAPPYWET VAN 'N BESLUIT AANGENEEM DEUR DIE DIREKSIE WAT DIE MAATSKAPPY MAGTIG OM DIREKTE OF INDIREKTE FINANSIËLE BYSTAND TE VERLEEN AAN VERWANTE EN ONDERLING VERWANTE MAATSKAPPYE EN KORPORASIES

- Teen die tyd dat hierdie kennisgewing van die algemene jaarvergadering aan aandeelhouers gelewer is, het die direksie reeds 'n besluit aangeneem (artikel 45 Direksiebesluit) wat die maatskappy magtig om, ter enige tyd en van tyd tot tyd, gedurende die tydperk vanaf die datum waarop Spesiale Besluit Nommer 4 aangeneem is tot die datum van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy, enige direkte of indirekte finansiële bystand soos beoog in artikel 45 van die Maatskappywet aan enige een of meer verwante of onderling verwante maatskappye of korporasies van die maatskappy te verleen. Die finansiële bystand sal bestaan uit lenings en ander finansiële bystand aan filiale van die maatskappy (synde verwante of onderling verwante maatskappye van die maatskappy) vir doeleindes van die befondsing van die aktiwiteite van die groep.
- Die artikel 45 Direksiebesluit sal van krag wees slegs indien en tot die mate wat Spesiale Besluit Nommer 4 deur die aandeelhouers aangeneem is en die bepalings van enige sodanige finansiële bystand deur die maatskappy, kragtens sodanige besluit, is altyd onderhewig daaraan dat die direksie tevrede is dat (1) onmiddellik na die verlening van die finansiële bystand, die maatskappy sal voldoen aan die solvensie-en-likiditeitstoets soos beoog in artikel 45(3)(b)(i) van die Maatskappywet; en dat (2) die terme waarvolgens die finansiële bystand verleen sal word billik en redelik teenoor die maatskappy is soos beoog in artikel 45(3)(b)(ii) van die Maatskappywet.



- Tot die mate wat die artikel 45 Direksiebesluit beoog dat sodanige finansiële bystand, in totaal, 0.1% van die maatskappy se netto waarde soos op die datum van aanname van sodanige besluit, sal oorskry, gee die maatskappy hiermee kennis van die artikel 45 Direksiebesluit aan aandeelhouers. Die maatskappy het geen werknemers wat deur 'n vakbond verteenwoordig word nie.

## 22. VERSLAG VAN MAATSKAPLIKE-EN-ETIESEKOMITEE

Die verslag van die maatskaplike-en-etiese komitee van die maatskappy, wat by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit is op bladsy 103, saamgelees met die gedetailleerde volhoubare ontwikkelingsverslag wat op die maatskappy se webblad by [www.remgro.com](http://www.remgro.com) gepubliseer is, dien as die maatskaplike-en-etiese komitee se verslag aan die maatskappy se aandeelhouers by die algemene jaarvergadering ten opsigte van die sake wat binne die mandaat van die komitee val. Enige spesifieke vrae aan die komitee kan voor die algemene jaarvergadering aan die maatskappysekretaris gestuur word.

En om enige ander besigheid te verrig wat op 'n algemene jaarvergadering verrig mag word.

### REKORDDATUMS

Die rekorddatum ingevolge artikel 59 van die Maatskappywet vir aandeelhouers om geregistreer te wees in die sekuriteiteeregister van die maatskappy ten einde hierdie kennisgewing van die algemene jaarvergadering te ontvang is Vrydag, 16 Oktober 2020.

Die rekorddatum ingevolge artikel 59 van die Maatskappywet vir aandeelhouers om geregistreer te wees in die sekuriteiteeregister van die maatskappy ten einde die algemene jaarvergadering by te woon, daaraan deel te neem en te stem, deur elektroniese deelname, is Vrydag, 20 November 2020, en die laaste dag om te handel in die maatskappy se aandele ten einde geregistreer te wees in die sekuriteiteeregister van die maatskappy om die algemene jaarvergadering by te woon, daaraan deel te neem en te stem, deur elektroniese deelname, is Dinsdag, 17 November 2020.

### GOEDKEURINGS VEREIS VIR BESLUIE

Gewone Besluite Nommers 1 tot 17 vervat in hierdie kennisgewing van algemene jaarvergadering vereis die goedkeuring deur meer as 50% van die stemme uitgebring ten opsigte van die besluite deur aandeelhouers wat teenwoordig is of by volmag op die algemene jaarvergadering verteenwoordig is, onderworpe aan die bepalinge van die Maatskappywet, die akte van oprigting en die noteringsvereistes. Gewone Besluite Nommers 16 en 17 is nie-bindende adviserende stemme.

Spesiale Besluite Nommers 1 tot 4 vervat in hierdie kennisgewing van algemene jaarvergadering vereis die goedkeuring deur ten minste 75% van die stemme uitgebring ten opsigte van die besluite deur aandeelhouers wat teenwoordig is of by volmag op die algemene jaarvergadering verteenwoordig is, onderworpe aan die bepalinge van die Maatskappywet, die akte van oprigting en die noteringsvereistes.

Ekwiteitsekuriteite wat deur 'n aandeeltrust of -skema van die maatskappy gehou word se stemme sal nie in berekening gebring word vir die doeleindes van besluite aangeneem ingevolge die noteringsvereistes nie. Aandele gehou as tesourie-aandele mag ook nie stem nie.

### DEELNAME EN STEMMING DEUR AANDEELHOERS OF GEVOLMAGTIGDES

Aandeelhouers wat nie hul aandele gedematerialiseer het nie, of wat hul aandele gedematerialiseer het en dit in hul "eie naam" geregistreer het, is geregtig om die algemene jaarvergadering by te woon en te stem deur elektroniese deelname en het die reg om 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes te benoem (vir welke doeleindes 'n volmagvorm hierby aangeheg word) om die vergadering namens hulle by te woon, daarop te praat en te stem deur elektroniese deelname. So 'n gevolmagtigde hoeft nie 'n aandeelhouer van die maatskappy te wees nie. Volmagvorme moet ingelewer word, vir administratiewe doeleindes, by die maatskappy se oordragsekretaris, Computershare Investor Services Eiendoms Beperk, Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank, 2196, Suid-Afrika, of kan ge-pos word aan die oordragsekretaris by Privaatsak X9000, Saxonwold, 2132, Suid-Afrika, of ge-e-pos word aan [proxy@computershare.co.za](mailto:proxy@computershare.co.za), om hulle te bereik nie later as Donderdag, 26 November 2020, om 10:30 (Suid-Afrikaanse tyd) nie, met dien verstande dat enige volmagvorm wat nie teen hierdie tyd deur die oordragsekretaris ontvang is nie, enige tyd voor die algemene jaarvergadering aan die oordragsekretaris ge-e-pos mag word (wie dit aan die voorsitter van die algemene jaarvergadering sal voorsien).

Volmagvorme moet slegs deur aandeelhouers voltooi word wat nie hul aandele gedematerialiseer het nie of wat hul aandele gedematerialiseer het en dit in hul "eie naam" geregistreer het.

By stemming per stembrief, is elke houder van gewone aandele geregtig op een stem per gewone aandeel gehou en elke houder van B-gewone aandele is geregtig op 10 stemme per B-gewone aandeel gehou.

Aandeelhouers wat hulle aandele gedematerialiseer het en nie in "eie naam" geregistreer is as aandeelhouers van die maatskappy nie, moet hulle CSDP of makelaar kontak op die wyse en binne die tyd bepaal in hulle ooreenkoms, om:

- hulle van hul stemopdragte te voorsien; of
- die nodige toestemming te verkry, sou hulle die vergadering deur elektroniese deelname wou bywoon.

In opdrag van die direksie.



**D I Dreyer**  
Maatskappysekretaris

Stellenbosch  
28 September 2020